



Verwysing: 20201112-9480
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0020/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Matriekandidate wat COVID-19-positief en in isolasie is en wat die November-eksamen in 2020 wil skryf

1. Die Departement van Basiese Onderwys, in samewerking met die Departement van Gesondheid, het op 04 November 2020 ooreengekom dat kandidate wat positief vir COVID-19 getoets het, toegelaat word om die NSS-eksamens in November 2020 te skryf, gebaseer op sekere voorwaardes.
2. Die ouers/voogde/versorgers van 'n NSS-kandidaat wat COVID-19-positief en in isolasie is, mag aansoek doen dat hulle kind/pleegkind 2020 se November-eksamens by 'n ander eksamenlokaal skryf.
3. Die ouers/voogde/versorgers van 'n kandidaat wat positief vir COVID-19 getoets het, is verplig om die prinsipaal onmiddellik oor die positiewe uitslag van die kandidaat in te lig sodat reëlings betyds getref kan word vir die kandidaat om die eksamens te skryf by 'n isolasielokaal wat voldoen aan gesondheids- en veiligheidsprotokolle en die eksamenregulasies wat met 'n veilige eksamen verband hou.
4. Sodanige ander reëlings sal van toepassing wees tot op die 10^{de} dag nadat die kandidaat getoets is, en daarna kan die kandidaat die eksamens by sy/haar oorspronklike sentrum skryf.
5. Ouers/voogde/versorgers wat met opset die COVID-19-positiewe uitslag van 'n kandidaat in hulle sorg verbloem, sal die regsgevolge dra indien dit later blootgestel word dat hierdie inligting met opset deur die ouer/voog/versorger weerhou is.

6. Daar moet kennis geneem word dat die vereistes vir sosiale afstandshandhawing, die dra van 'n gesigmasker en die ontsmetting van hande by die eksamenlokaal streng nagekom sal word. Daar moet altyd voldoen word aan die sosiale afstandshandhawing van 1,5 meter.
7. Dit is belangrik om kennis te neem dat kandidate wat 'n temperatuur van 38 grade en hoër het en/of twee of meer van die vrae op die siftingsvraelys as "ja" beantwoord het, die eksamen moet skryf in 'n **isolasielokaal by die skool** wat deur die prinsipaal en beheerliggaam geïdentifiseer en goedgekeur is, soos in Assesseringsbestuursminuut: 0015/2020 van 06 Oktober 2020 verwoord is.
8. Die ouer/voog/versorger van 'n kandidaat wat positief vir COVID-19 getoets het, moet afdeling 1 van die aansoekvorm, wat as **Bylae A** aangeheg is, invul. Die vorm moet by die prinsipaal ten minste 24 uur voor die eksamendatum ingedien word.
9. By ontvangs van die ingevulde aansoekvorm, moet die prinsipaal afdeling 2 van die aansoekvorm invul. Die aansoekvorm moet dan aangestuur word na die distriksdirekteur wat afdeling 3 moet invul. Die distriksdirekteur moet die voltooide aansoekvorm per e-pos aan die Hoofdirektoraat: Assesering en Eksamens (Lisl.vanRensburg@westerncape.gov.za) stuur, wat die finale besluit sal neem deur afdeling 4 in te vul.
10. Kandidate word aangeraai om besonder versigtig gedurende hierdie eksamentydperk te wees en om hulle risiko om die virus aan te steek, te verminder. Hulle moet aan alle gesondheids- en veiligheidsmaatreëls voldoen en nie enige sosiale byeenkomste bywoon nie. Kandidate moet die protokolle oor sosiale afstandshandhawing, die dra van gesigmaskers en die ontsmetting van hande streng nakom.
11. Die hersiene *Protokol oor die aflê van die November-eksamen in 2020 met nakoming van die COVID-19-vereistes*, van 08 November 2020, wat as **Bylae B** aangeheg is, is ingesluit.
12. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, opsieners en ouers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-11-19